

Inhoud Preek afgod afgodsdieners bemagtigde leiers. Hierdie preek wys die verskil tussen die Here Jesus Christus wie ons verlos en aan sy wil bind, en beelde van Jesus wat geestelikes opmaak waarmee hulle ons sondes regverdig. Dit wys ook die verskil tussen hulle wie geroep is om God se Woord te verkondig en hulle wie bemagtigde leiers wil wees of hulle wil maak. Skriflesing Ex. 10: 3, 4; 19: 3 – 6; 20: 1; 32: 1 – 6; 32: 11 – 13, 17, 21 – 26. 1 Pet. 2: 4, 5, 9, 10.

Teks 1 Petrus 2: 5 “Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

Tema God verlos ons om volgens sy wil te leef.

1. Die Here verlos sy volk Israel om Hom volgens sy wil te dien! Dit is wat die Here met die uittoeg van Israel uit Egipte doen. Dit is hoe die Here Homself aan die Farao as God bekend maak. Die Here sê direk na die eerste plaag van water wat in bloed verander het, dat Moses vir die Farao moet sê: “Laat my volk gaan om my te dien.” Ex. 8: 1. Hierdie opdrag van die Here herhaal met hierdie sin na die derde plaag van muggies Ex. 8: 20, die vierde plaag van steekvlies Ex. 9:1, die sesde plaag van swere Ex. 9: 13 en die sewende plaag van hael Ex. 10:3.

Die Farao moet die Here se volk laat gaan om Hom te dien! Dit beteken dat die Farao moet erken dat hy nie ’n god is met goddelike kragte en magte wat die Here se volk slawe van sy wil en drome kan maak nie. Hy moet erken dat hulle God se volk is wie God moet dien volgens God se wil.

Die tien plae oor Egipte was die magtige daade van God waarmee Hyself die Farao se magsgreep op sy volk gebreek om hulle te laat wegtrek uit Egipte om Hom in die beloofde land te kan gaan dien. Met nog ’n magtige daad het God die Farao in die Rooisee laat verdrink en gewys Hy is God, nie die Farao nie.

2. Die Here verlos Israel met magtige daade sodat hulle Hom volgens sy wil kan dien. Dit is hoe die Here dit deur Moses aan die Israeliete by die berg Horeb aangekondig het: “Ek het julle soos op arendsvlerke gedra en na My toe gebring. As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n koninkryk wat My as priesters dien, en ’n gewyde nasie.

God se magtige verlossingdaade maak hulle elkeen ’n priester en elkeen deel van ’n nasie wat aan God gewy is om God te dien, nie mense deur hulle afgode nie. Elkeen ’n priester beteken elkeen mag die Here dien en eer, in en met sy hele lewe, want God laat hulle en hul lewe aan God gewy wees.

God verlos ons om volgens sy wil te leef

Dit is hoe God se verbond werk! Hy verlos jou en maak jou toegewyd aan Hom met sy magtige daade, en dan kan en mag en moet jy Hom volgens sy wil dien. Die Tien Gebooie was nog altyd die wyse waarop mense wat God met magtige daade verlos het en aan Hom toegewy het, saam met God in sy magtige teenwoordigheid leef. Verlos om te dien volgens sy wil!

3. Wat was Moses se werk gewees?

Moses was 'n dienaar van die Here gewees. Hy moes net een ding doen. Hy moes die verlossingsdade van die aankondig! Aankondig beteken hy moes sê dat die Here sy volk verlos en sê wat is die wil van die Here waarvolgens sy volk moet leef.

Die kinders! In ons taal vandag was Moses 'n predikant gewees. 'n Predikant wat nie goed kon preek nie want hy het gesukkel om met mense te praat. Ons is nie seker waarmee hy gesukkel het nie. Moses sê vir die Here dat sy tong sukkel. (Ex. 4:10) Dit kon enige iets van hinkel tot angs om voor mense te praat, gewees het. Daarom wou hy nie eers 'n predikant wees nie, maar die Here het gesê hy moet dat sy broer Aaron die praatwerk doen, maar Moses moet die Here se verlossingsdade en wil aankondig. (Ex. 4: 10 – 17)

God het nie een van sy magtige daade deur Moses gedoen nie. Moses moes net elke keer doen wat die Here gesê het en dan het God self die wonderwerke gedoen, sonder Moses. Moses moes nie vir die Farao gaan dreig wat hy as Moses gaan doen of die Here deur Moses gaan doen nie. Hy het die Farao nie met die opstand, plundering en geweld van sy slawe gedreig nie. Moses was net 'n predikant wat vir hierdie magtigste koning in daardie wêreld mos gaan vertel, gaan aankondig wat God gaan doen!

Aaron moes net die praatwerk doen wanneer Moses vasgehaak het. Hulle was nie toordokters of towenaars wat deur goddelike kragte en magte wonderwerke gedoen het nie. Hulle was ook nie goddelike mense met geestelike magte waardeur God gewerk het nie. Hulle moes net die Here se verlossing aankondig!

God het elke magtige verlossingsdaad self gedoen!

Moses moes ook nie die Israeliete aan die Here toewy en reg laat leef nie. Daarom sê die Here vir Moses dat Hy deur sy verlossingsdade Israel priesters maak wat hulle lewe aan die Here se dies kan toewy, want God het hulle aan Hom toegewy. Hy moet net die Here se wil, die Tien Gebooie vir hulle aankondig as die wyse waarop hulle saam met God leef, wie hulle met magtige daade verlos en aan Hom toewy. Hy moet net as predikant die Here se wil aankondig en verkondig. Die Here sal sy volk self lei om hom volgens sy wil te dien.

God verlos ons om volgens sy wil te leef

4. Die God binne in die Israeliete se lewe, harte en gedagtes was 'n ander God as die Here wat hulle verlos het om Hom te dien. Hulle wou nie in sy verlossing glo nie en nog minder sy wil aanvaar as die wyse waarop hulle sy dienaars moes wees. Daarom sê hulle vir Aaron: "Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei." Ex. 32: 1 Hulle wou nie die Here se volk wees wat Hom volgens sy wil dien nie. Hulle wou 'n godsbeeld hê wat wys dat hulle hul self verlos het en daarom kan doen wat hulle wil. Hulle wou 'n god hê wat self niks doen nie, self niks eis nie, maar net hulle eie innerlike goddelike krag en mag uitbeeld. Die goddelike krag en mag waarmee hulle hul self verlos en doen wat hulle wil.

Godsbeelde is hoe mense God en alles wat God doen, ontgoddelik. God sommer niks anders maak as wat mens is en doen nie. Dit is mos presies wat hulle verklaar as hulle sê: "Maak 'n god wat ons kan lei!", "maak 'n godsbeeld wat niks anders is as wie ons wil wees en wil doen nie." Daarom verklaar hulle met hierdie afgod van 'n kalf dat dit nie God se verlossingdade is wat hulle uit Egipte bevry het nie en dat hulle hulself ook nie gaan bind aan enige wil wat Hy het nie.

Dit moet ons goed raaksien!

Hulle maak 'n afgodsbeeld omdat hulle nie die Tien Gebooie wil aanvaar as hoe hulle God met dien nie. Hulle beeld maak God 'n god hul eerste nasionale god as nuwe nasie, 'n nasionale god wat geen eie wil het behalwe om net alles te wil wat hulle wil en soos hulle wil nie.

Met hierdie god in hul lewe, harte en gedagtes maak hulle hulself los van God se verlossing en sy Gebooie asof dit nie gebeur het nie en Hy nie bestaan nie. God word ontgoddelik deur alles wat Hy doen en is, te ontken.

4. Wat is Aaron se nuwe werk?

Hy is eintlik maar net die een wat Moses se praatwerk moes doen. Hy self is eintlik nie eers 'n predikant wat die Here se verlossing en wil aankondig nie. In ons taal kan hy amper iets soos 'n ouderling gewees het.

Maar wat wil die volk hom maak en wat wil Aaron vir die volk wees? In vandag se kerklike taal wil die volk hom 'n bemaagtigde leier maak in die plek van die predikant wat die Here se verlossing en wil aankondig.

Hoe verskil 'n predikant van 'n bemaagtigde leier? Hoe bemaagtig Aaron en die volk mekaar?

'n Predikant preek die Here se verlossing en wil in sy Gebooie. 'n Bemaagtigde leier maak godsbeeld vir die afgode in mense se lewe, hart en gedagtes, wat hulle die Naam "Jahweh", God, voor gee ! Hulle moet godsbeelde maak waardeur mense

God verlos ons om volgens sy wil te leef

hulle self kan verlos en kan doen wat hulle wil, terwyl hulle hierdie godsbeeld die Naam van God voor gee.

Met hierdie godsbeeld word Moses vergoddelik en Aaron sy opvolger. “Moses het ons uit Egipte gelei” beteken met hierdie kalf wys hulle Moses het die wonderwerke in Egipte gedoen deur die krag van hierdie beeld wat hulle gemaak het. Met die goue kalf vergoddelik hulle Moses, maar Moses is weg. Só? Nou gaan Aaron die goddelike mag en krag kry om vir hulle dieselfde wonderwerke te doen as wat Moses vir hulle gedoen het. Hy is nou deur hulle bemagtig deur hierdie godsbeeld om die volgende goddelike leier van die volk te wees. Hoe bemagtig só ’n leier die volk van God? Hy beeld God uit as die wat god wat hulle in hul harte graag begeer en noem hierdie uitbeelding “die Here”, “Jahweh.” Hy maak hul afgod die ware God.

’n Bemagtigde leier is iemand wie God se goddelike krag en mag uitoefen omdat God self dit nie meer as God in sy magtige teenwoordigheid dit doen nie. Die afgod in mense se harte is die god wat mense met goddelike krag en mag bemagtig voor God wat as Here ontmagtig is.

Aaron en die volk het hier gedoen wat Israel en al die priesters in Israel gedoen het tot en met die ballingskap na Babel. Hulle het God as Baal aanbid en aan Baal die naam “Jahweh” gegee.

5. Wat gebeur as Moses terugkom?

Moses wat terug kom wys dat God nog steeds van Moses die prediker van sy magtige teenwoordigheid in sy verlossingsdade maak. Dit beteken God laat Hom nie die afwesige god maak wie ontgoddelik is en nie met sy verlossingsdade besig is nie, en nie sy wil bekend maak in sy Geboorte nie. Hy is wie Hy is en doen wat Hy doen, nie deur goddelike mense soos Aaron nie, maar uit en deur Homself. Hy is “Jahweh.” Jy is wie Hy is!

God se teenwoordigheid ontmagtig Aaron van die goddelike kragte en magte wat die volk aan hom toegesê het en openbaar die god in Israel se hart en gedagte en lewe as ’n afgod, ’n beeld van ’n bees wat gras vreet, net ’n uitbeelding van God.

Die optrede van Moses teenoor die van Aaron wys die verskil tussen hulle wie God se verlossing en wil aankondig, en hulle wat die volk met afgodsbeeld bemagtig en bemagtig word – verskil tussen predikante en bemagtigde leiers.

Die verskil is aangrypend en in, en vir alle tye waar!

Moses doen voorbidding vir die volk se sonde en Aaron sê hulle sleg! Moses het by God gepleit dat God nie toornig op sy volk wat sonde gedoen het sal wees nie, maar aan sy verbondsliefde en trou moet dink. Dit beteken dat God hierdie volk wie

God verlos ons om volgens sy wil te leef

gesondig het, volgens sy onderneming van Ex. 19: 5 – 6 nog steeds 'n koninkryk van priesters sal laat bly en hulle nog steeds sy gewyde nasie sal maak. Hy pleit dat God hulle nog steeds aan Hom sal toewy sodat hulle Hom weer volgens sy wil kan gehoorsaam laat leef.

Wat doen Aaron?

Luister hoe stel hy dit! “U moet nie kwaad wees nie. U weet self hoe sleg die volk is. Hulle het vir my gesê: ‘Maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei.’ Ex. 32: 22 Moses vra God om nie vir sy volk kwaad te wees nie, maar Aaron vir Moses om nie vir hom kwaad te wees nie. Aaron is besig met versoening tussen hom en Moses! Moses pleit om versoening by God vir sy volk wat gesondig het. Aaron verontskuldig homself deur die volk sleg te maak. Kan u die weerklank in die agtergrond in sy woorde hoor uit die tuin van Eden: “Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet.” Die vrou wat jy my gegee het as hulp is 'n slegte vrou! Jy gee slegte hulp. Dit is mos wat Aaron sê: “God se volk is sleg en God het my verlei deur sy slegte volk.

Wat verdedig Aaron glad nie? Hy praat nie eers een woord oor hoe krag en magtig is die goue kalf nie, en hy is skielik glad nie meer die bemaagtigde leier wat moet opstaan om die volk te bemachtig nie. Hy verwerp die Here se volk as sleg. God moet vir Homself 'n beter volk kry en 'n ander volk kry as hierdie een. Hulle kan nie sy koninkryk van priesters en sy gewyde volk wees nie. Daarvoor verklaar Aaron hulle as te sleg. Hulle wie goed genoeg was om van hom 'n bemaagtigde leier te gemaak het!

6. Die apostel Petrus haal presies Ex. 19: 5 – 6 aan oor God wat Israel sy koninkryk van priesters en sy gewyde nasie maak in 1 Petrus 2 wanneer hy God se Woord aan hulle wat heidene was uit gemeenskappe wat afgode só aankondig: “Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus welgevallig is” (vers 5) en “Julle daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God heilig is, die volk wat die verslossingsdade moet verkondig van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het na sy wonderbaarlike lig.”(vers 9)

Dit is wie Jesus Christus is en wat Jesus Christus doen. Sy lyding en opstanding vir ons sondes, maak ons vir God se liefde en diens heilig en regverdig. Daarom kan ons saam met God leef en onself aan Hom toewy in sy magtige teenwoordigheid as God met ons.

God vergewe ons ons afgodsdienste en maak ons sy kerk wie aan sy liefde toegewy mag leef volgens sy wet. Daarom verkondig ons die groot en magtige verlossingsdade van God en leef ons volgens sy wil.

God verlos ons om volgens sy wil te leef

Daarom kan ons ons elke keer bekeer van elke afgod wat ons in ons lewe, harte en gedagtes opgemaak het om God in ons lewe te probeer afwesig maak, want Jesus Christus is die Here wie getrou bly aan sy kerk in sy verbondsliefde. Hy word vir ons nooit die afgod wie ons Hom in ons harte en lewe wil laat wees nie.

7. Wat maak die bemagtigde leiers, die Aaron's van hierdie wêreld met God se kerk wanneer hulle sonde doen?

Hulle verskoon hulle self deur die kerk van die Here sleg te sê, te maak asof hulle deur slegte Christene mislei is, en begin 'n nuwe kerk vir 'n nuwe god! So bly hul bemagtigde leiers – deur slegte gode en slegte kerke te verwerp en nuwes te maak. Nuwe gode wat ook net weer afgode is! Nuwe kerke wat net weer nuwe afgodsdien bedryf in die plek van die ou slegte afgodsdien.

Kom ons kyk na 'n paar van hierdie afgode wat predikante, priesters en pastore al die afgelope jare opgemaak het, verwerp het en nuwes voor gemaak het, terwyl hulle elke keer ons as kinders van die Here afskryf as te sleg vir God.

Die swart Jesus!

Die swart Jesus was die Jesusbeeld vir die swartbewussyn in Amerika en Suid Afrika. Hulle het 'n Jesus beeld gemaak met die oproep teen wittes: "Laat my volk gaan", dit was in Engels die slagspreuk teen witmag: "Let my people go!" Dit was 'n aanhaling van die Here se woorde aan Farao wat in die swartbewussynsbeweging in Amerika teen die owerheid gebruik was.

Was dit 'n oproep dat die swartgemeenskappe vir God 'n koninkryk van priesters sal wees wat sy verlossingsdade sal verkondig en na sy Gebooie luister of was dit 'n swart Jesus beeld wat die gemeenskap van die Here se magtige teenwoordigheid losgemaak het sodat hulle hulself kan bevry met geweld sodat hulle kan doen wat hulle wil?

Hierdie swart Jesus beeld is deur predikante, priesters en pastore in die NG kerk in Tshilidzini gemeente aangekondig, ek was self daar, met die drif en bedoeling teenoor die destydse regering: "Let my people go!" En die volgende oggend het die brande en moorde in Venda begin. Dit was die bevrydingsgod in wie se naam mense met bande gebrand is, landmyne gelê is en die land geplunder is!

Waar is daardie geestelikes wie hierdie swart Jesus gepreek het nou? Waar is hierdie Jesusbeeld nou? Niemand preek hom nie en almal is nou slagoffers van die geweld van daardie swart Jesus. Want hulle wat kerkgehou het om hierdie Jesus beeld, is nie nou 'n koninkryk van priesters en die kerk van die Here nie. Hulle is nou 'n regering vol diewe en wetteloosheid.

God verlos ons om volgens sy wil te leef

Wat sê hierdie priesters van die swart Jesus nou? Nou sê hulle die regering sleg en verontskuldig hulle hulself van die wetteloosheid van die Jesus beeld wat hulle gemaak het, hulle wat nie vir die kerk se sondes bid sodat God hulle sy toegewyde kinders sal laat bly nie.

8. En die predikante en pastore van die volks-Jesus?

Vanaf ongeveer 1922 het NG predikante begin om van Jesus 'n beeld te maak as die Jesus vir die Afrikanervolk. Hulle het van Jesus net nog 'n goue kalf gemaak. Die Jesus van die Afrikanervolk het gesien dat die Afrikaanse mag opbou en die nuwe regering gaan word. Toe maak hulle 'n Jesusbeeld vir die Afrikanervolk volgens die hart en gedagtes van die Afrikaner volk.

U moet onthou dat die NG Kerk predikante in die Kaap die Voortrekkers onder kerklike sensuur geplaas het toe hulle met die Groot Trek begin het. Hulle het gesê dat die boere wie op die Groot Trek gaan, sondig teen die Here, want hulle moet onderdanig aan die Britse owerheid bly volgens die wil van God. Dit was toe hulle net 'n klomp verstrooide boere was. Toe hulle egter in 1922 die nuwe opkomende mag word, toe verklaar predikante hulle hierdie volk as God se volk en maak hulle geestelike simbole wat God uitbeeld as die godsmense op die ossewa met die Bybel in die wakis, en die geweer in die hand, wie die heidenvolke met geweld onderwerp in die Naam van God!

Hierdie volks-Jesus was tjoepstil oor al die ongeregthede wat gepleeg is in die naam van die volk.

En toe die tyd vir Afrikaanse mag verby is? U moet dit raaksien!

Wie was die eerste predikante en pastore wie die Afrikaanse gemeenskap begin sleg sê het? Hulle wie vir hulle die beeld van 'n volks-Jesus gemaak het! Hoekom? Broers en susters, want hulle het toe 'n nuwe Jesusbeeld begin opmaak wat pas by die hart en gedagtes van die nuwe nasie – Jesus van die nasie! En nou mag daar volgens hulle nie meer iets soos 'n Afrikaanse volk wees nie!

Hulle het nie vir die kerk en sy sondes gebid sodat God hulle steeds sal vashou in sy verbondsliefde sodat hulle hom steeds kan bly dien ten spyte van die afgod wat hulle van Jesus opgemaak het nie. Hulle het begin en hou vandag aan om die Afrikaanse gemeenskap sleg te sê as slegte mense wat nie vir God goed genoeg kan wees nie.

9. Hoekom? Want hulle moet nou weer 'n nuwe kerk vir 'n nuwe Jesus, 'n nuwe afgod word – die Jesus van die nasie!

Weet u dat die gebedswaapen vir verlede week se nasionale biddag se slagspreuk was? “Nkosi Sikelele Afrika.” God seën nie meer sy kerk nie, sy kinders wie in sy verbondstrou aan sy liefde toegewyd bly nie. God seën nou Afrika. Moet ons 'n

God verlos ons om volgens sy wil te leef

biddag vir Afrika hou? Wat dan van elke mens in elke land in elke kontinent wat deur hierdie virus bedreig word? In die 2014 Algemene Sinode moes ons hierdie nasionale lied ses keer sing en na luister. Meer nog, die vroue wat die “genderverslag” voorgedra het in die laaste twee Sinodale vergaderinge het elke keer gloeiende eer gegee aan “Pappa Madiba”, net só, met hierdie naam, nie aan Ons Vader wie in die hemel is nie.

Maak hierdie beeld van die nasie- Jesus, die nasie mense wie getuig van God se verlossingsdade en na sy Gebooie luister?

Die beeld van die nasie-Jesus is nou die beeld van ’n grenslose Jesus wie se liefde grensloos is. Dit is hoe die Kerk nou die huwelike van homoseksuele mense volgens die nasie se grondwet inseën – in die Naam van die Jesus wei grensloos die nasie liefhet. Die nasie- Jesus se wil is nou die grondwet, nie meer die Tien Gebooie nie.

Die predikante, pastore en priesters het die beeld van die volk-Jesus wat hulle opgebou het, afgebreek vir ’n nuwe Jesus beeld en ’n nuwe kerk – die nasie kerk van Jesus!

10. Is ons uitgelewer aan hierdie afgodsdienste – vandag die nuwe kerk en more die kerk wie sleg gesê vir ’n nuwe kerk deur Aaron? Gister se beeld van Jesus weg asof hy nooit gemaak was nie vir die nuwe beeld wat weer vir more van Jesus opgemaak word?

Ons mag nie in die nuwe ligsinnigheid wegraak dat elkeen vir homself ’n beeld opmaak van hoe hy Jesus wil hê, omdat hy niks anders is as die afgod van elke mens soos elke mens hom wil hê nie.

Jesus Christus is die Lewende God wat met ons teenwoordig is in sy magtige skeppings en verlossingsdade! Hy verlos ons werklik van ons afgodsbeelde oor Hom en maak ons regtig sy kinders wat vir hom priesters is wat ons lewens in sy diens volgens sy wil aan ho mag toewy. Al sukkel elke dag om dit reg te kry. Ons wil so met Hom as God wie teenwoordig is, leef.

Dit is verskriklik maklik om die Here te kan ken en dien as totaal iets anders as godsbeelde wat geestelikes vir mense opmaak! Die Here Jesus verlos ons van ons sonde en al die afgodery in ons harte om volgens sy wil, die Tien Gebooie onself en ons lewe aan sy diens te wy. Afgodsbeelde van Jesus wat geestelikes vir ons opmaak is altyd net beelde terwyl ons ons self moet bevry en hierdie god moet uitbeeld in ons lewe. Jesus is God met ons in sy magtige teenwoordigheid en afgode gode binne in ons!

Al hierdie Jesusbeelde, die swart- Jesus, die volks-Jesus, die nasie-Jesus, die grenslose Jesus, is net beelde terwyl ons onself moet verlos deur ons bekerings,

God verlos ons om volgens sy wil te leef

ons oorgawes, ons nuwe lewe, ons nuwe toewyding, ons nuwe gehoorsaamheid en ons nuwe passie en ywer. Al hierdie Jesusbeelde is die wyse waarop jy altyd losgemaak word van God se Tien Gebooie vir die wil van die swartbewussyn, die wil van die volk, die nasie en die nuwe grenslose gemeenskap. Jesusbeelde waarmee mense verklaar: Moses en sy god is weg, ons maak 'n god wat ons in ons selfbevryding en eie wil sal lei!

Al hierdie Jesus-beelde is gode wat net binne mense bestaan wie net kan leef en iets kan wees wanneer mense hulle in hul lewe met menslike daade uitbeeld. Al hierdie Jesus-beelde moet met menslike aksies en daade uitgedra en verteenwoordig word.

Die Here Jesus se beeld word nie uit gedra nie. Ons gehoorsaam sy Gebooie!

Hoe verskil predikante wat God se verlossingsdade en sy wet verkondig van geestelike leiers wanneer ons sonde doen, wanneer ons van die Here 'n afgod maak? Hulle wie God se Woord bedien, bid vir lidmate se sonde by God, dat God hul sonde sal vergewe en ten spyte van hul afgodsdien, steeds vir sy diens sal heilig. Hulle wie vir ons Jesus-beelde maak om as goddelike leiers voor te mag loop, is hulle wie ons sleg sê wanneer hul magsbeeld verkrummel. Hulle maak dan nuwe beelde vir nuwe mense en 'n nuwe kerk en maak ons wie sonde gedoen uit as te sleg vir hulle nuwe Jesus-beeld!

Kom ons glo en verkondig die magtige verlossingsdae van God en leef volgens sy wil, sy Gebooie. Kom ons wees sy kerk in en deur ons sondes. Hy sal ons deur alles heen 'n koninkryk van priesters en 'n gemeenskap wat aan Hom toegewy is laat bly deur Jesus Christus.

Kom ons leef in die verbondsliefde van God se magtige teenwoordigheid! Kom ons verwerp beelde van Jesus wat mense wil laat pas op ons sondige begeertes!